

## VOORGESTELDE HERSTRUKTURERING DEUR CAPEVIN VAN SY BELANG IN DISTELL GROEP BEPERK ("DISTELL"), AS DEEL VAN DIE VOORGESTELDE HERSTRUKTURERING VAN DISTELL SE VEELVLAKKIGE EIENAARSKAPSTRUKTUUR

### 1 Hoofptreke

Hierdie kennisgewing sit die voorgestelde herstrukturering van Distell se veelvlakkige eienaarskapstruktuur uiteen wat 'n eenvoudiger en duideliker aandeelhoudingstruktuur tot gevolg sal hê (die "Voorgestelde Transaksie"). Capevin se belang in Distell sal geïntegreer word ingevolge die Voorgestelde Transaksie (die "Capevin Herstrukturering"). Indien die Voorgestelde Transaksie geïmplementeer word, sal die Voorgestelde Transaksie:

- die veelvlakkige eienaarskapstruktuur bo Distell afbreek wat 'n eenvoudiger en duideliker aandeelhoudingstruktuur tot gevolg sal hê vir Nuwe Distell (soos hieronder gedefinieer);
- tot gevolg hê dat die Capevin-aandeelhouders 'n proporsionele ekwivalente direkte belang in Nuwe Distell verkry in ruil vir hul belang in Capevin;
- die likiditeit van Nuwe Distell op die aandeelbeurs, soos bedryf deur die JSE Beperk ("die JSE"), verhoog; en
- tot gevolg hê dat beheer van Nuwe Distell in Remgro Beperk vestig (via een of meer van Remgro Beperk se filiale, hierna gesamentlik verwys as "Remgro") by wyse van die uitreiking van ongenoteerde stembedraende B-aandele in Nuwe Distell aan Remgro.

Die Voorgestelde Transaksie word ondersteun deur die Public Investment Corporation MSB Beperk ("PIC") en Coronation Asset Management Eiendoms Beperk namens sy kliënte ("Coronation"), soos hieronder uiteengesit. Remgro se raad ondersteun ook die Voorgestelde Transaksie, maar Remgro sal nie mag stem oor die Capevin Herstrukturering en/of in die Voorgestelde Transaksie nie, soos hieronder uiteengesit.

### 2 Inleiding

Distell het 'n veelvlakkige eienaarskapstruktuur waarin Remgro en Capevin 'n wesenlike belang in Distell besit via Remgro-Capevin Beleggings Eiendoms Beperk ("RCI"). Remgro en Capevin besit elkeen 50% van RCI en RCI het 'n 52.8% direkte belang in Distell. Remgro hou tans ook 'n direkte aandeel van 19.0% in Capevin.

Remgro het tans 'n effektiewe ekonomiese belang van 31.4% in Distell, via Remgro se 50% aandeelhouding in RCI en Remgro se 19.0% belang in Capevin. Capevin se 50% belang in RCI is Capevin se enige bate.

Capevin-aandeelhouders word meegedeel dat die onafhanklike raad van direkteure van Capevin ("Capevin Onafhanklike Raad") besluit het, onderhewig aan verskeie voorwaardes, om die vereenvoudiging van Distell se veelvlakkige aandeelhoudingstruktuur te ondersteun, soos hieronder uiteengesit. Die herstrukturering soos beoog deur die Voorgestelde Transaksie sluit verskeie reëlinskemas in wat volg uit en deel is van verskeie interafhanklike stappe, soos in paragraaf 3 uiteengesit.

Capevin-aandeelhouders word verwys na beide die Remgro aankondiging en die Distell aankondiging op die Stock Exchange News Service ("SENS"), wat op 22 Junie 2017 vrygestel is, welke aankondigings die uitwerking van die Voorgestelde Transaksie op die Distell-aandeelhouders uiteensit.

### 3 Belangrike Kenmerke van die Voorgestelde Transaksie

Die Voorgestelde Transaksie behels 'n nuwe entiteit, Business Ventures Investments Nr. 1997 Eiendoms Beperk ("Nuwe Distell"). Nuwe Distell se gewone aandeel sal op die JSE genoteer word ("Nuwe Distell Notering"). Na die implementering van die Voorgestelde Transaksie, sal Nuwe Distell, Distell Groep Beperk genoem word.

Na besprekings tussen Distell, Capevin en Nuwe Distell, het die partye ooreengekom dat Distell 'n reëlinskema sal voorstel tussen Distell en Distell se aandeelhouders en Capevin sal 'n reëlinskema voorstel tussen Capevin en Capevin se aandeelhouders ingevolge artikel 114 van die Maatskappyywet, No. 71 van 2008 ("Maatskappyywet"). Die reëlinskemas behels dat Nuwe Distell aandeel sal uitreik aan al die aandeelhouders van Capevin (die "Capevin Skema") en aan al die aandeelhouders van Distell, met uitsluiting van RCI ("Distell Minderhede") (die "Distell Skema"), in ruil vir hul aandeel in Capevin en Distell onderskeidelik met die resultaat dat Nuwe Distell al die gewone aandeel in Distell sal besit via Capevin en RCI, onderskeidelik. Die uitreiking van Nuwe Distell gewone aandeel aan al die Capevin-aandeelhouders en Distell Minderhede sal verseker dat hul huidige effektiewe ekonomiese belang in Distell onveranderd bly.

Die Capevin Herstrukturering behels, dat onmiddellik voor die implementering van die Capevin Skema en die Distell Skema, Remgro al sy aandeel in RCI verruil vir verdere aandeel in Capevin (die verdere aandeel hierna genoem die "RCI Verwante Capevin Aandeel"), wat tot gevolg sal hê dat Remgro 59.5% van Capevin sal besit (die "RCI Ruiling") met die gevolg dat Remgro vir Capevin sal beheer en indirek, deur RCI, ook beheer sal verkry oor Distell. Capevin-aandeelhouders, met uitsluiting van Remgro, ("Capevin Minderhede") sal die uitreiking van die RCI Verwante Capevin Aandeel aan Remgro ingevolge die RCI Ruiling en ook die Capevin Skema moet goedkeur. Verdere besonderhede van die Capevin Skema word uiteengesit in die Capevin omsendbrief wat mettertyd aan Capevin-aandeelhouders ooreenkomstig die tydiën in paragraaf 8 hieronder, gestuur sal word.

Verder, as 'n voorwaarde tot die Capevin Skema en Distell Skema, sal die Capevin Minderhede en die Distell Minderhede onderskeidelik verplig word om, via aparte "whitewash" besluite wat beide deur die Oornamereguleringspaneel ("TRP") goedgekeur moet word, afstand te doen van hul reg om 'n verpligte aanbod van Remgro te ontvang voortspruitend uit die RCI Ruiling ("Verpligte Aanbod Vereiste").

Na Nuwe Distell se oprigting en notering, en voor die implementering van die reëlinskemas soos na hierbo verwys, sal Nuwe Distell nuwe ongenoteerde stembedraende aandeel (die "B-Aandeel") aan Remgro uitreik. Die B-Aandeel sal geen ekonomiese regte hê nie, maar sal Remgro voorsien met dieselfde vlak van stemregte in Distell soos wat dit gehou het na implementering van die RCI Ruiling, naamlik 52.8%. Die vereiste aantal B-Aandele sal uitgereik word aan Remgro (die "B-Aandeel Uitreiking") en hierdie B-Aandele sal gekoppel word (soos beskryf hieronder) aan daardie Nuwe Distell gewone aandeel wat Remgro sal ontvang in ruil vir die RCI Verwante Capevin Aandeel ingevolge die Capevin Skema (die "Gekoppelde Gewone Aandeel"). Die B-Aandele en die Gekoppelde Gewone Aandeel sal Remgro 'n 52.8% stembedraende belang in Nuwe Distell gee. Ingevolge die Capevin Skema sal Remgro ook Nuwe Distell gewone aandeel ontvang in ruil vir sy huidige 19.0% belang in Capevin, maar daardie Nuwe Distell gewone aandeel sal nie aan die B-Aandele gekoppel word nie.

Soos hierbo genoem, en na die bogenoemde stappe, sal Distell 'n volffiliaal van Nuwe Distell wees (via RCI en Capevin). As deel van die Distell Skema, sal Distell van die JSE gedenoteer word (die "Distell Denotering"). Soortgelyk, en as deel van die Capevin Skema, sal Capevin van die JSE gedenoteer word (die "Capevin Denotering"). Die Nuwe Distell Notering sal verseker dat die aandeelhouders van Capevin hul Nuwe Distell aandeel op die hoofbeurs van die JSE kan verhandel.

Die RCI Ruiling, Capevin Skema, B-Aandeel Uitreiking, Capevin Denotering, Distell Skema, Distell Denotering en die Nuwe Distell Notering sal gesamentlik die Voorgestelde Transaksie vorm en al hierdie stappe sal interafhanklik van mekaar wees.

Soos ooreengekom met die JSE en die TRP, sal (i) Remgro nie geregtig wees om te stem ten opsigte van die besluite om die bogenoemde interafhanklike stappe van die Voorgestelde Transaksie goed te keur by die Capevin Skema vergadering nie; en (ii) RCI sal nie geregtig wees om te stem ten opsigte van die besluite om die relevante interafhanklike stappe van die Voorgestelde Transaksie goed te keur by die Distell Skema vergadering nie.

Die PIC en Coronation wat 12.9% en 20.5%, onderskeidelik, van Capevin besit, het aangedui dat hul die Capevin Herstrukturering en die Voorgestelde Transaksie ondersteun en het verder bevestig dat hul beoog om te stem ten gunste van die voorstelle by die Capevin Skema vergadering wat gehou sal word om die Capevin Herstrukturering en die Voorgestelde Transaksie goed te keur.

Die tabelle hieronder gee 'n uiteensetting van die huidige direkte eienaarskapstrukture in Capevin en Distell, onderskeidelik, sowel as die verwagte ekonomiese belang en stembedraende belang in Nuwe Distell na die Voorgestelde Transaksie:

Huidige direkte eienaarskapstruktuur van Capevin voor die Voorgestelde Transaksie:

Aandeelhouders	Aantal aandeel	% Belang
Coronation <sup>1</sup>	180 135 944	20.5%
Remgro	167 645 356	19.0%
PIC	113 114 642	12.9%
Capevin Minderhede (uitgesluit die PIC en Coronation)	419 207 323	47.6%
<b>Totaal</b>	<b>880 103 265</b>	<b>100.0%</b>

Nota:  
1. Verteenwoordigend van kliënte van Coronation

Huidige direkte eienaarskapstruktuur van Distell voor die Voorgestelde Transaksie:

Aandeelhouders	Aantal aandeel	% Belang
RCI (50% Remgro / 50% Capevin)	117 348 000	52.8%
PIC	61 533 197	27.7%
Distell Minderhede (uitgesluit die PIC)	43 501 159	19.5%
<b>Totaal</b>	<b>222 382 356</b>	<b>100.0%</b>

Verwagte eienaarskapstruktuur van Nuwe Distell na die Voorgestelde Transaksie:

Aandeelhouders	Aantal gewone aandeel	% Ekonomiese belang	Aantal B-Aandele	% Stembedraende belang
Remgro <sup>1</sup>	58 674 000	26.4%	124 226 613	52.8%
Remgro <sup>2</sup>	11 176 442	5.0%	-	3.2%
PIC	69 074 231	31.1%	-	19.9%
<b>Coronation</b> (Capevin-verwant)	12 009 156	5.4%	-	3.5%
Distell Minderhede (uitgesluit PIC) <sup>3</sup>	43 501 159	19.5%	-	12.6%
Capevin Minderhede <sup>4</sup>	27 947 368	12.6%	-	8.0%
<b>Totaal</b>	<b>222 382 356</b>	<b>100.0%</b>		<b>100.0%</b>

Nota:  
1. Uitgereik aan Remgro ten opsigte van die RCI-Verwante Capevin Aandeel  
2. Uitgereik aan Remgro ten opsigte van die Capevin aandeel anders as die RCI-Verwante Capevin Aandeel  
3. Distell Minderhede sluit aandeel in wat 2.7% verteenwoordig soos voorgeen gehou deur Coronation in Distell  
4. Uitgesluit PIC en Coronation

### 4 Bewegredes vir die Voorgestelde Transaksie

Die bewegredes wat voorgestel is aan die Capevin Onafhanklike Raad, welke bewegredes die Capevin Onafhanklike Raad in beginsel ondersteun, maar onderhewig aan die ontvangs van die verslag van die onafhanklike deskundige na verwys in paragraaf 9, is dat, desondanks die Voorgestelde Transaksie vir Remgro sekere behorende regte gee, die Voorgestelde Transaksie voordelig sal wees vir Capevin en sy aandeelhouders omdat dit, onder andere:

- sal lei tot die verwydering van die huidige veelvlakkige eienaarskapstruktuur wat 'n enkel intrepunt vir beleggers in Distell sal laat;
- waarskynlik waarde sal ontsluit vir Capevin-aandeelhouders deur al of 'n gedeelte van die historiese verhandelings diskonto tussen die Capevin aandeelprys en die deursigtighede waarde van Capevin se belang in Distell, uit te skakel;
- waarskynlik die aanvraag, likiditeit en bemerkbaarheid van die Nuwe Distell gewone aandeel sal verhoog, in vergelyking met die ekwivalent vir Capevin;
- Distell se kapitaalstruktuur sal vereenvoudig en daardeur waarskynlik Distell se beleggingsaantreklikheid vir beide buitelandse en plaaslike beleggers sal verhoog;
- sal lei tot 'n verhoging in die vrylik verhandelde aandeel van Nuwe Distell, wat gevolglik die gewig daarvan in aandeelindekse beide internasionaal en plaaslik sal verhoog;
- Nuwe Distell se kapasiteit om kapitaal te verkry sal verhoog, indien dit sou nodig wees ter ondersteuning van sy langtermyn groei-strategie; en
- die stabiliteit en kontinuïteit sal behou aangesien Remgro sal aanbly as sleutelaandeelhouer van Nuwe Distell.

Die Capevin Onafhanklike Raad het dus besluit om die RCI Ruil en Capevin Skema aan Capevin aandeelhouders voor te lê vir oorweging.

### 5 Belangrike bepalinge van die Voorgestelde Transaksie

#### 5.1 Voorgestelde Transaksie ruilverhouding

Nuwe Distell sal, onderhewig aan die vervulling van die opskortende voorwaardes in paragraaf 6 hieronder, Nuwe Distell gewone aandeel aan Capevin-aandeelhouders uitreik in die ruilverhouding van 1 Nuwe Distell aandeel vir elke 0.0667 Capevin aandeel gehou op Vrydag, 13 Oktober 2017 (die "Rekorddatum").

#### 5.2 Capevin Denotering

Onderhewig aan die vervulling van die opskortende voorwaardes in paragraaf 6 hieronder, sal die verhandeling van Capevin aandeel op die JSE opgeskort word met aanvang van besigheid op Woensdag, 11 Oktober 2017 en Capevin sal gedenoteer word van die JSE, effektiw met die aanvang van besigheid op Donderdag, 19 Oktober 2017.

#### 5.3 B-Aandele

Die gedetailleerde terme van die B-Aandele, tesame met die belangrike bepalinge van die akte van oprigting van Nuwe Distell, sal ingesluit word in die omsendskrywe en prospektus wat Nuwe Distell sal stuur aan Capevin-aandeelhouders teen nie later as Vrydag, 4 Augustus 2017 nie.

Die B-Aandele sal, onderhewig aan die opskortende voorwaardes soos uiteengesit in paragraaf 6, aan Remgro uitgereik word op 'n eenmalige basis in die verhouding van 2.117 B-Aandele vir elke 1 Nuwe Distell gewone aandeel gehou deur Remgro ("B-Aandeel Uitreikings Verhouding") (en onderhewig aan die relevante afrondingsbepalings en koppelingsmetode soos dit mag nodig wees) ingevolge die Capevin Skema, in ruil vir Remgro se RCI Verwante Capevin Aandeel. Ingevolge die bogenoemde, sal 124,226,613 B-Aandele aan Remgro uitgereik word om Remgro se 52.8% stembedraende belang in Distell te behou na die RCI Ruiling.

##### 5.3.1 Ekonomiese regte

Die B-Aandele sal ongenoteerde, nie-omskeppbare, nie-deelnemende, geen pari-waarde aandeel wees. Die B-Aandele sal slegs geregtig tot stemregte wees en sal geen reg op ekonomiese deelname hê nie, behalwe vir die reg dat indien die B-Aandele teruggekoop word, om dan gekoop te word teen die uitreikingsprys van R0.00001 per B-Aandeel en die reg, met die likwidasië van Nuwe Distell, vir die houders van die B-Aandeel om die uitreikingsprys van R0.00001 per B-Aandeel betaal te word alvorens enige likwidasië betaling of distribusie gemaak word aan gewone aandeelhouders in Nuwe Distell. Die B-Aandele sal nie geregtig wees op enige dividend of ander distribusie van Nuwe Distell nie.

##### 5.3.2 Stemregte

Met die uitreiking van die B-Aandele aan Remgro, vestig RCI se 52.8% stemreg in Nuwe Distell na die RCI Ruiling, in Remgro en gee aan Remgro geen ander stemregte nie. Die B-Aandeel Uitreiking sal nie lei tot enige ekonomiese verwagting van die minderhede aandeelhouders in Distell of Capevin nie. Die stembedraende B-Aandele wat deur Remgro gehou word mag in sommige gevalle opwaarts of afwaarts aangepas word om onbehoorlike aanwas/vervalwing van die stemregte te verhoed na sekere korporatiewe aksies deur Nuwe Distell.

Desondanks die feit dat die Capevin Minderhede tans geen direkte stemregte in Distell het nie, sal hul na die implementering van die Voorgestelde Transaksie aandeelhouders word in Nuwe Distell en geregtig wees om te stem ten opsigte van gewone Nuwe Distell aandeel.

Hier is 'n voorstelling van 'n Capevin-aandeelhouer se aandeelhouding in Distell voor en na die Voorgestelde Transaksie:

Capevin-aandeelhouer se direkte belang in Distell <sup>1</sup>	Voor	Na
Direkte belang in Capevin	5.00%	-
Indirekte / direkte ekonomiese belang in Distell / Nuwe Distell	1.32%	1.32%
Indirekte / direkte stembedraende belang in Distell / Nuwe Distell	-	0.85%

Nota:  
1. Berekeninge sluit in nie-stembedraende tesourie-aandele gehou deur Distell

##### 5.3.3 Belangrike bepalinge van die B-Aandele (koppeling en verhandelings)

Die terme van die B-Aandele sal voorsiening maak vir sekere beperkings op die oordraagbaarheid en die beëindiging van stemregte en die terugkoop deur Nuwe Distell van die relevante B-Aandele in sekere gevalle. Die terme van die B-Aandele sal in 'n volledige omsendskrywe ingesluit word wat aan die aandeelhouders rakende die Capevin Skema gestuur sal word, welke terme, onder andere, die volgende sal insluit:

5.3.3.1 Die B-Aandele is ongenoteerd en mag slegs oorgedra word met die voorafgaande gekrewe kennisgewing aan Nuwe Distell.

5.3.3.2 By die plaasvind van 'n 'Opsie Gebeurtenis' (soos onder uiteengesit), sal die stemregte van die relevante B-Aandele ophou om te bestaan en Nuwe Distell sal geregtig wees om die B-Aandele terug te koop teen die uitreikingsprys van R0.00001 per B-Aandeel.

5.3.3.3 Die 'Opsie Gebeurtenisse' bestaan uit die volgende:

5.3.3.3.1 Enige oordrag van die B-Aandele sonder Nuwe Distell se toestemming;

5.3.3.3.2 Enige verkoop van B-Aandele sonder dat die Gekoppelde Gewone Aandele gelyktydig met die B-Aandele verkoop word;

5.3.3.3.3 Enige oordrag van Gekoppelde Gewone Aandele op of deur die JSE aandeelmark (dit is via die JSE se normale verhandelingsmeganisme);

5.3.3.3.4 Indien daar te enige tyd geen houder van B-Aandele is ("B-Aandeelhouer") (of alleen of saam met sulke ander B-Aandeelhouers se verwante en "gesamentlike optrede" partye) wat meer as 25% van die totale stemregte in Nuwe Distell (wat die stemregte van die gewone aandeel in Nuwe Distell insluit, of hul nou gekoppel is of nie) en die stemregte van die B-Aandele in Nuwe Distell hou nie (die "Totale Stemregte in Nuwe Distell");

5.3.3.3.5 Indien, te enige tyd, 'n B-Aandeelhouer (saam met sulke B-Aandeelhouers se verwante en "gesamentlike optrede" partye) ophou om meer as 25% van die Totale Stemregte in Nuwe Distell te hou; en

5.3.3.3.6 Die Opsie Gebeurtenis in paragraaf 5.3.3.4 hieronder.

5.3.3.4 Indien, as gevolg van die verkoop van enige B-Aandele tesame met die gesamentlike Gekoppelde Gewone Aandele, beide die oordraggewer en oordragneer (saam met enige ander aandeelhouders verwant of wat gesamentlik met enige een van die oordraggewer en/of oordragneer optree) elk meer as 25% van die Totale Stemregte in Nuwe Distell hou, sal die oordragneer geregtig wees om 'n aanbod te maak om die gewone aandeel in Nuwe Distell gehou deur al die gewone aandeelhouders in Nuwe Distell te koop. Indien so 'n aanbod nie gemaak word nie, sal dit geag word dat 'n 'Opsie Gebeurtenis' plaasgevind het.

5.3.3.5 Indien Nuwe Distell 'n verandering maak aan sy bestaande aandeelkapitaal of 'n korporatiewe aksie doen wat die stemregte gehou deur B-Aandeelhouers beïnvloed, sal die aantal B-Aandele gehou deur die B-Aandeelhouers verhoog of verlaag word, soos die geval mag wees, om die B-Aandeel Uitreikings Verhouding onveranderd te hou na die implementering van die verandering in kapitaalstruktuur of korporatiewe aksie.

### 6 Opskortende voorwaardes

Die Voorgestelde Transaksie sal onderhewig wees aan onder andere die nakoming of, indien van toepassing, die afstanddoening van die volgende opskortende voorwaardes:

- die goedkeuring deur die Distell-aandeelhouders van die Distell Skema en Distell Denotering;
- die goedkeuring deur die Capevin-aandeelhouders van die RCI Ruiling, die Capevin Skema en die Capevin Denotering;
- as deel van die RCI Ruiling, afstanddoening deur die Distell Minderhede en Capevin Minderhede van die Verpligte Aanbod Vereiste;
- dat, binne die tydperk voorgeskrif deur artikel 164(7) van die Maatskappyywet, geen versoek of geldige versoek ontvang word deur, onderskeidelik, Distell of Capevin, welke versoek, in totaal, nie meer as 5% van die aandeel in, onderskeidelik, Capevin of Distell verteenwoordig nie, en die bepalinge van artikel 115(8) van die Maatskappyywet;
- die registrasie van die prospektus uitgereik deur Nuwe Distell by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom;
- die registrasie van die spesiale besluit wat vereis word om Nuwe Distell se aandeelkapitaal te herstruktureer en die nuwe akte van oprigting van Nuwe Distell te aanvaar; en
- die verkrygings van die volgende regulatoriese toestemmings:
  - o JSE goedkeuring (in verband met die Distell omsendbrief aan aandeelhouders in verband met die Distell Skema, die Capevin omsendbrief in verband met die RCI Ruiling en Capevin Skema, die prospektus in verband met Nuwe Distell en die notering van Nuwe Distell se gewone aandeel);
  - o Goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede; en
  - o TRP goedkeuring (in verband met die Distell omsendbrief aan aandeelhouders in verband met die Distell Skema, die Capevin omsendbrief in verband met die RCI Ruiling en Capevin Skema en die afstanddoening van die Verpligte Aanbod Vereiste).

Die Capevin Denotering en Nuwe Distell Notering sal slegs gebeur indien die Voorgestelde Transaksie geïmplementeer word, aangesien al die stappe interafhanklik is.

### 7 Finansiële inligting in verband met die Voorgestelde Transaksie

Aangesien die Capevin-aandeelhouders ingevolge die Capevin Skema, hul aandeel gaan verruil vir nuwe aandeel in Nuwe Distell, sal hul aandeel in Nuwe Distell presies dieselfde ekonomiese regte hê as voor die Capevin Skema. Daar sal dus geen invloed wees op die verdienste en onderliggende netto batewaarde toeskryfbaar aan elke aandeelhouer as gevolg van die Voorgestelde Transaksie nie.

### 8 Belangrike datums

Die belangrike datums en tye van toepassing op die Voorgestelde Transaksie word hieronder uiteengesit:

	2017
Rekorddatum om te bepaal welke Capevin-aandeelhouders geregtig is om die Capevin omsendbrief te ontvang	Vrydag, 28 Julie
Omsendbrief word gestuur aan Capevin-aandeelhouders en kennisgewing om die Capevin Skema vergadering te belê, word uitgereik op SENS	Vrydag, 4 Augustus
Laaste dag vir die Capevin Minderhede om voorleggings aan die TRP te maak ten opsigte van die afstanddoening van die Verpligte Aanbod Vereiste	Maandag, 21 Augustus
Laaste dag van verhandeling van Capevin-aandele ten einde in die Capevin-aandeel register opgeteken te word ten einde geregtig te wees om die Capevin Skema vergadering by te woon en by die vergadering te stem	Dinsdag, 22 Augustus
Rekorddatum vir Capevin-aandeelhouders om in die Capevin-aandeel register opgeteken te word ten einde geregtig te wees om die Capevin Skema vergadering by te woon en by die vergadering te stem	Vrydag, 25 Augustus
Vir administratiewe doeleindes, die datum wanneer volmagvorme vir die Capevin Skema vergadering ingedien moet word teen 09h00 op	Woensdag, 30 Augustus
Volmagvorme mag by die Capevin voorsitter van die Capevin Skema vergadering ingedien word op enige tydpoint voordat die volmagtigde enige regte van die aandeelhouer uitoefen by die Capevin Skema vergadering	Vrydag, 1 September
Capevin Skema vergadering om gehou te word om 09h00, te Die Burger Huis, op die hoek van Alexander- en Blomstraat, Stellenbosch, 7600, op	Vrydag, 1 September
Uitslag van die Capevin Skema vergadering vrygestel op SENS	Vrydag, 1 September
Uitslag van die Capevin Skema vergadering in die pers gepubliseer	Maandag, 4 September
Kennisgewing deur Capevin aan al die aandeelhouders wat teen die besluit gestem het, van die spesiale besluit wat die Capevin Skema goedkeur, in terme van artikel 164(4) van die Maatskappyywet	Maandag, 4 September
<b>Indien (i) al die besluite in verband met die Voorgestelde Transaksie goedgekeur is met die nodige meerderheid van die Capevin-aandeelhouders by die Capevin Skema, (ii) al die besluite nodig om effek te gee aan die Voorgestelde Transaksie goedgekeur is deur die Distell aandeelhouders by die Distell Skema vergadering</b>	
Laaste dag vir Capevin-aandeelhouders wat teen die Voorgestelde Transaksie gestem het om Capevin te versoek om goedkeuring te kry by die hof vir die Voorgestelde Transaksie in terme van artikel 115(3)(a) van die Maatskappyywet	Vrydag, 8 September
Laaste dag om kennisgewing te stuur van die aanvaarding van die spesiale besluit aan al die aandeelhouders van Capevin wat teen die spesiale besluit gestem het, in terme van artikel 164 van die Maatskappyywet	Vrydag, 15 September
Laaste dag vir Capevin-aandeelhouders wat teen die Voorgestelde Transaksie gestem het, om aansoek te doen vir verloop om by die hof aansoek te doen om die Voorgestelde Transaksie te hersien in terme van artikel 115(3)(b) van die Maatskappyywet	Vrydag, 15 September
Ontvang voldoeningstifikaat van die TRP	Maandag, 2 Oktober
<b>Indien al die voorwaardes ten opsigte van die Voorgestelde Transaksie nagekom is of, indien van toepassing, van afstand gedoen is</b>	
Finaliseringsaankondiging vermag om op SENS vrygestel te word	Maandag, 2 Oktober
Finaliseringsaankondiging vermag om op in pers gepubliseer te word	Dinsdag, 3 Oktober
Laaste dag om te verhandel ten einde in die register aangeteken te word op die Rekorddatum	Dinsdag, 10 Oktober
Capevin-aandele vermag om opgeskort te word op die JSE verhandelingsstelsel	Woensdag, 11 Oktober
Verwagte Rekorddatum wanneer Capevin-aandeelhouders aangeteken moet word in die register ten einde deel te neem in die Voorgestelde Transaksie	Vrydag, 13 Oktober
Implementering van die RCI Ruiling	Vrydag, 13 Oktober
Uitreiking van Skema vergoeding	Maandag, 16 Oktober
Verwagte terminasie van die notering van Capevin-aandele teen die aanvang van verhandeling op die JSE	Donderdag, 19 Oktober

Nota:  
1. Alle tye is plaaslike Suid-Afrikaanse tyd.  
2. Alle datums en tye rakende die Voorgestelde Transaksie is onderhewig aan verandering. Die bogenoemde datums is bereken op sekere aannames aangaande die Voorgestelde Transaksie. Die bogenoemde datums sal verander tot die mate dat die vereiste goedkeurings deur die relevante mededingsowerhede nie teen Maandag, 2 Oktober 2017, verkry is nie. Indien die relevante datums in verband met die Voorgestelde Transaksie verander en die datums hierbo beïnvloed word, sal 'n verandering op SENS aangekondig word en in die pers gepubliseer word.  
3. Capevin sal die nodige kennisgewings aan teenstemmende aandeelhouders stuur, indien enige, in terme van artikel 164(4) van die Maatskappyywet op 4 September 2017, maar die laaste dag om hierdie kennisgewings te stuur is tien besigheidsdae na die datum van die Capevin Skema vergadering.  
4. Gesertifiseerde Capevin-aandeelhouders wie se aandeelsertifikate en voltooides vorms van oorgee oordrag ontvang is by die oordrag sekretaresse na 12h00 op Vrydag, 13 Oktober 2017 sal hul nuwe aandeelsertifikate vir die Nuwe Distell aandeel ontvang binne 5 besigheidsdae van ontvangs.  
5. Aandeelsertifikate van Capevin mag nie gedematerialiseer word of gerematerialiseer word nie na 10 Oktober 2017.

### 9 Onafhanklike Deskundige

Vir doeleindes van die Capevin Skema en RCI Ruiling, het die Capevin Onafhanklike Raad, bestaande uit Mnr C A Otto, Mnr AE v Z Botha, Mnr R M Jansen en Me E G Matenge-Sebesho, vir BDO Corporate Finance Eiendoms Beperk aangestel om as onafhanklike deskundige, soos gedefinieer in artikel 114(2) van die Maatskappyywet en die Oornameregulasies, op te tree.

Die verslag van die onafhanklike deskundige en die aanbeveling van die Capevin Onafhanklike Raad sal in die omsendskrywe aan aandeelhouders ingesluit word, soos in paragraaf 11 hieronder.

### 10 Bevestiging van die TRP

Nuwe Distell het aan die TRP bevestig dat Nuwe Distell voldoende aantal gemagtigde en onuitgereike Nuwe Distell gewone aandeel en B-Aandele sal hê om sy verpligtinge na te kom ten tye van die implementering van die Capevin Skema.

### 11 Pos van omsendskrywe

Capevin-aandeelhouders word meegedeel dat 'n omsendskrywe wat die volle besonderhede van die Voorgestelde Transaksie bevat en 'n kennisgewing van die Capevin Skema vergadering wat al die nodige besluite bevat wat goedgekeur moet word deur Capevin-aandeelhouders om die Voorgestelde Transaksie te implementeer, gepos sal word aan Capevin-aandeelhouders teen nie later as Vrydag, 4 Augustus 2017 nie.

### 12 Direkteure se verantwoordelikhedverklaring

In hierdie vaste voorname aankondiging, aanvaar die Capevin Onafhanklike Raad verantwoordelikhed vir die inligting vervat in hierdie aankondiging sover as wat dit op Capevin van